HOëRSKOOL FICHARDTPARK

JAARVERSLAG 2018

1. Inleiding

En so is nog 'n genade jaar vir Hoërskool Fichardtpark, sy personeel, leerlinge en ouers verby. 'n Jaar waarin ons Hemelse Vader ons gedra het en ons ryklik geseën het. Tog weet ons alhoewel 2018 vir baie goue oomblikke gesorg het, daar ook leerlinge was wat moeilike tye beleef het.

Daarom is ons bede vir hulle die gebed van Angus Buchan: " Here Jesus, bemagtig my, deur U gees, om dinge vir U te doen sodat die mense op die aarde my Vader sal verheerlik.

2. Leerlinge

Ons het tans 885 leerlinge.

3. Personeel

Ons het 46 onderwysers (14 beheerliggaamsaanstellings), 5 sekretaresses (3 beheerliggaamsaanstellings). Tans is daar twee dames by die ondersteunende onderwys Me A Helmand (Sielkundige) en Me M Human (berader).
Mnr P van Staden (sportorganiseerder) en mnrJ de Beer (Gimnasium instrukteur)
Terreinwerkers is daar 11 in totaal en een faktotum.

4. Prestasies

4.1 Personeel

Mnr Herman van der Merwe - Afrigter Vrystaat o/15 rugbyspan
Mnr Louw Prinsloo – Atletiekbestuurslid, Motheo Atletiek
Mnr Dirkie Groenewald – Cravenweek keurder
Mnr Riaan Harholdt – Grant Khomo o/16 keurder
Mnr André Burger – O/Voorsitter Hoërskole Krieket
Mnr Jacques van der Merwe – Provinsiale Hokkie keurder
Vrystaat Senior Manshokkiespan
Me Mariska van Staden – Provinsiale hokkie keurder
Mnr Pieter van Staden – Provinsiale hokkie keurder

Me Cicilia van Heerden – Provinsiale keurder vir Vrystaat spanne.
Verteenwoordig Vrystaat as skeidsregter by SA-kampioenskap in Boksburg.
Ondervoorsitter van Sentrale Skole reeks se Netbal.

4.2 Akademie

Lys van personeel wat optree as merkers tydens die Graad 12 Nasionale eindeksamen.

1.1 Marinda Theron (AFR.HT)
1.2 Susan van Staden (WIG)
1.3 Marlene de Vries (ENG FAL)
1.4 Leonie du Toit (ENG FAL)
1.5 Estelle Zwiegers (AFR. HT)
1.6 San-marié Fourie (WISK)
1.7 Elsie Coetzee (AFR. HT)
1.8 Mariska van Staden (AFR. HT)
1.9 Venessa Kruger (TOE. RTT)
1.10 Conrad Pienaar (LEW)
1.11 Werner Pretorius (GESK)
1.12 Nadia Joubert (WIG)
1.13 Jan Kruger (FW)
1.14 Marelize de Beer (AFR HL)
1.15 Emmarentia Botes (ENG FAL)
1.16 Christelle Kahts (IT) – Eksaminator
1.17 Cicilia van Heerden (LEW) – Eksaminator
1.18 Madeline Venter (RTT) – Interne Moderator
1.19 Marie-Louise Swanepoel (TOE) – Eksaminator
1.20 Urma Myburgh (VBS) – Eksaminator
1.21 Louw Prinsloo (FW) – Interne Moderator

4.3 Algemeen

Dr Joanita Erasmus-Alt word benoem as lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sy publiseer 4 literatuurwetenskaplike artikels in Internasionale geakrediteerde tydskrifte. Dr Erasmus-Alt ontvang 'n beurs van die Suid-Afrikaanse Akademiese vir Wetenskap en Kuns vir nog 'n doktorale studie.

Akademie

Matriekuitslae – 2017 – Hoërskool Fichardtpark

154 matrieks.
152 slaag 98,7%.
188 Onderskeidings.
79% behaal toelating tot Baccalareus graadkursus.
18 vakke aangebied – 15 se gemiddeld is meer as 60%.

Lindi van Eyk behaal 8 onderskeidings.
Anneke Niemand, Robbie van Huyssteen en Beandré Venter behaal 7 onderskeidings.

Lindi en Anneke is onder die top 100 akademiese presteerders in die Vrystaat.

Aantal leerders vanjaar in matriek is 159.
Verpligte ekstra klasse in Wiskunde, Fisiese Wetenskap, Lewenswetenskap en Rekeningkunde word reeds vanaf die 1ste kwartaal vir graad 12 leerders aangebied.
Ekstra klasse in Wiskunde (graad 8 – 12) en Fisiese wetenskap (graad 10 – 12) is ook beskikbaar.

Enkele veranderings is aangebring met die vakkeuses. Siviele Tegnologie, Tegniese Wiskunde en Tegniese Wetenskap is in 2018 vir die laaste keer aangebied. Inligtingstegnologie word vanaf 2019 nie meer gedurende skoolure aangebied nie.

Vakkeuses vir graad 10 lyk dus as volg:

Afrikaans, Engels en Lewensoriëntering is verpligtend.
1 van Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid.
1 van Lewenswetenskap, Toerisme, Rekenaartoepassingstegnologie of Geskiedenis.
1 van Fisiese Wetenskap, Besigheidstudies, Toerisme of Rekenaartoepassingstegnologie.
1 van Rekeningkunde, Ingeneursgrafieka en Ontwerp, Verbruikerstudie, Geskiedenis of Drama.
Musiek kan ook as keusevak geneem word by enige van bogenoemde groepe.

Deelname in Olimpiades in Rekeningkunde, Lewenswetenskap, Wiskunde, Verbruikerstudies, Geskiedenis en Fisiese Wetenskap. Charla Terblanche en Lomari Burger haal die top 100 in Verbruikerstudie Olimpiade.

Toppresteerders in elke graad word kwartaalliks aangewys. Die akademiese toer vir die toppresteerders vind gedurende die 4de kwartaal plaas.

Ouers ontvang 'n rapport na die afhandeling van elke kwartaal se toetsreeks of eksamen. Die rapport word opgevolg met 'n oueraand waartydens veral probleemgevalle hanteer word.

5. Atletiek: L Prinsloo

140 Atlete het vanjaar aan die Sone byeenkoms deelgeneem. 85 Atlete gekwalifiseer – neem deel aan die Motheo-Xhariep streekbyeenkoms. 35 Atlete kwalifiseer om aan die Vrystaat Kampioenskappe deel te neem waar ons 21 medaljes verower. 13 Atlete word ingesluit in die VS Skole atletiekspan. Tydens die SA Skole en SA Junior Kampioenskappe verower ons 3 Bronsmedaljes, 1 Silwer en 1 goue medalje. Elaine Pretorius wen die goue medalje vir hamergooi D15 en verbeter ook in die proses die SA Skole rekord na 58.64m.

6. Hokkie dogters: M van Staden

4 Dogterspanne neem deel aan die liga. Die eerstespan neem deel aan 'n oefenkamp en spanbou in Bloemfontein. Die eerstespan neem ook deel aan die Senior Klubliga wat by die universiteit se astro plaasvind waar hulle hulle ook goed van hulle taak kwyt en baie goed met studentespanne kompeteer. Die eerstespan het ook gedurende JF se Spar-toernooi tot die finaal deurgedring. Ons is ook baie trots op die o/14A-dogters wat 2 posisies in hulle liga opgeskuif het. Altesaam 4 spelers word in provinsiale spanne opgeneem. 8 Spelers neem ook onderskeidelik aan o/16 en o/19 Bokkieweek deel. 1 Speler word in die o/16 Presidentspan opgeneem en 2 spelers maak deel uit van die o/19 Gazelle'e. Die Tweedespan dogters het ook baie goed in hulle liga gevaar. Hulle het slegs een wedstryd verloor en een wedstryd gelykop gespeel. Hulle het die res van hulle wedstryde gewen.

7. Hokkie Seuns: P van Staden

Die Hokkie seuns het in 2018 `n moeilike seisoen beleef. Getalle het drasties afgeneem die afgelope 3 jaar en afrigters het gesukkel om volspanne bymekaar te kry. Meeste van die spelers het aan `n tweede sport ook deelgeneem tydens die seisoen wat "Vol Span" deelname nog verder bemoelik het.

Die seuns het egter baie goed gevaar in die "Sentrale Skole Sportreeks" Die volgende uitslae is in die onderskeie ouderdoms groepe behaal:

O/14A Seuns behaal `n 3de plek.
O/16A Seuns behaal `n 3de plek.
O/18A Seuns behaal `n 5de plek.

Die 2018 seisoen het ook 4 Suid Vrystaat spelers opgelewer.

Mnr. Pieter van Staden en Mnr. Barry Nadel het ook as Suid Vrystaat keurders opgetree tydens die 2018 Suid Vrystaat Proewe by die o/16 en o/18 ouderdoms groepe.

8. Rugby: D Groenewald

Die jaar het vinnig afgeskop met die McDonalds Sportdag en weereens was die dag 'n reuse sukses. Ons dank en waardering aan elke borg en danateur wat bydraes gemaak het om hierdie dag suksesvol aan te bied.

Die naweke daarna het ons aan Hoërskool Goudveld en Afrikaans Hoërskool se sportdae deelgeneem in Welkom en Kroonstad. Ons is die jaar deel van die Wesgrow Sentrale skole reeks en het voor die vakansie na Bethlehem gereis met al die spanne.

Vanaf 4 – 7 April 2018 het Hoërskool Fichardtpark sy jaarlikse Twizza Fichardtpark rugbytoernooi aangebied. 38 Spanne het deelgeneem om ook van hierdie toernooi 'n wonderlike sukses te maak.

Die toernooie het die spelers goed voorberei vir 2018 se ligawedstryde. Al ons rugbyspanne het deurgedring na die semi-finale wedstryde met die o/19 C rugbyspan wat tot by die finaal gevorder het.

Die o/19 B rugbyspan het 'n baie suksesvolle toer gehad na Oos-Londen. Hulle wen albei hulle wedstryde.

'n Groot getal van ons seuns is in provinsiale spanne ingesluit. 15 Seuns is in die verskillende Vrystaat spanne ingesluit wat aan verskillende toernooie deelgeneem het.
Vrystaat o/19 Arende: Renaldo Davids, Jannes de Jager, Andrew Fischer, Arno Pienaar, Herman Steenkamp, Ivan Roberts en Clement Roodt.
Herman, Andrew en Ivan is gekies vir die VKB span wat Ierland toe toer. Herman word ook aangewys as die voorspeler van die toernooi.

Vrystaat o/17A: Reno Kok, Nicolas du Buisson, Francois Bester en JT van der Walt. Reno en Francois word vir die Rhyno week span gekies wat in Desember in Engeland gaan toer.

Vrystaat o/ 16 B: MJ Douglas en Tiaan Kemp.

Vrystaat o/15 A: Jandré van der Merwe en Celano Fransman.

Die o/17 en o/15 sewes rugbyspanne het deelgeneem aan die Miway sewes toernooi wat by Hoërskool Sentraal aangebied is. Die o/17 A span doen baie goed en vorder tot in die finaal. Hulle verloor ongelukkig die finaal en eindig 2de. Die 2 spanne het ook Potchefstroom toe gery, om aan die Potch Gimmies sewes toernooi deel te neem. o/17 Span eindig 3de en die o/15 span eindig 4de. Baie geluk aan albei spanne.

'n Spesiale woord van dank aan ons hoofborg Twizza. U borgskap word opreg waardeer en ons stel u belangstelling en betrokkenheid by Hoërskool Fichardtpark hoog op prys! Ons dank en waardering gaan ook uit na Niel Austen van Twizza.

'n Woord van dank aan ons 2 borge by die eerstespan naamlik: SA Homeloans en Freshbake.

Baie dankie aan elkeen se ondersteuning, lojaliteit en die voorreg om met jul kosbaarste besittings te mag werk.

9. Netbal: C van Heerden

14 Spanne neem aan die Matheo-liga deel asook die sentrale streeksliga. 9 Spanne is in Semi-finale. o/16A, o/15A en B en o/17A speel in finale. o/16A en o/17A speel op Vrystaatdag. Die o/19A span toer na Affies. 4 Spelers kry Vrystaat span vir Netbal: Ami Jacobs, Lebo Moremme, Sané Groenewald en Elri Groenewald. 9 Spelers verteenwoordig die Bokkie-Netbal.

10. Krieket: A Burger

Ons sien uit na 'n wonderlike 2018/2019 krieketseisoen. Die eerste span het 'n toer onderneem na Oos-Londen waar daar meegeding is teen Hoërskool Despatch, Grens, Port Rex en Lilyfontein.

Die volgende seuns is gekies vir die Motheo spanne wat aan Vrystaat proewe deelneem.

o/15 Marco van Jaarsveld, Shaun Schietekat, o/18 Hanco Swanepoel, PJ Rothner en Léchandro Buys.

11. Gholf: S Fourie

Twee spanne (8 leerders) neem deel aan Bloemfontein liga. Leerders het 'n toer na Kathu bygewoon waar hul 2 dae elke dag 18 putjies gespeel het teen die gholfspanne van Kathu.

12. Skaak

Tydens 2018 het Fichardtpark 2 spanne vir die Chessa ligatoernooi ingeskryf. As gevolg van die wye verteenwoordiging in ouderdomme was ons verplig om 2 spanne albei onder 19 in te skryf.

Albei spanne het baie goed presteer. Die o/19 A span het 'n derde plek in die toernooi behaal. Die o/19 B span het baie goed gevaar afgesien daarvan dat die meeste van die spelers in die span baie jonk was.

Tydens die toernooi het André Geldenhuys in die o/19 A span en Ruben Azar in die o/19 B span 'n bordprys gewen. Dit beteken dat hulle tydens die liga in hulle posisies in die span die meeste wedstryde teen ander skole gewen het.

Vyf van die spelers het ook hierdie jaar die Vrystaat Provinsiale Spanne in hulle onderskeie ouderdomsgroepe verteenwoordig. Die leerders is as volg:

Jeandré Coetzee
Ruhandré Coetzee
André Geldenhuys
Hanco Swanepoel
Niel Arlow

Ons is baie trots op al ons spelers en hoop dat hulle volgende jaar weer die skool sal verteenwoordig.

13. Pluimbal: L Labuschagne

1 Dogterspan, 1 Seunspan, ongeveer 10 beginners (seuns) toer na SA Skole in Augustus (Johannesburg) waar dogterspan tot in die semi-finale vorder.

Provinsiale deelname - Seuns o/19 Vrystaat B-span: WJ Bestbier
Xander Botha
Ryan Booth

14. Landloop: W Pretorius

Twee leerders het gereeld deelgeneem nl:
Mianda Nel Gr 8
Relebohile Sekhampu

Beide het gereeld onder top tien geëindig.

Relebohile is verkies tot die Vrystaat span wat in Port Elizabeth aan SA's deelgeneem het.

15. Fietsry

Daar is een fietsryspan wat bestaan uit 10 lede. Daar is 4 Spur Ligas waaraan deelgeneem is in Bloemfontein, Welkom, Ficksburg en Bothaville. Die span behaal 'n algehele 3de plek uit 11 skole in die Vrystaat en word gekies om in Provinsiale en Inter-provinsiale skole byeenkoms deel te neem. Jozanne Taljaard en Gerhard Alberts behaal die Vrystaat span wat op 5 en 6 Oktober 2018 in Magaliesburg gaan deelneem in die SA's.

16. Cheerleading: N Joubert

Beide spanne, All Girls en Co-Ed, het al hulle kompetisies gewen en deur gegaan na die Nasionale kompetisie. Beide spanne het hulle afdelings gewen (Oudtshoorn). Daar is 18 Cheerleaders wat Vrystaat kleure tot dusver ontvang het.
Drie Cheerleaders het SA kleure – Dylan Becker, Janca Hennig en Arno Taljaard.
Twee Cheerleaders gaan na die die Wêreld Kampioenskappe – Justin Coetsee en Michaela Kruger.

17. Skiet

Ons skool het vanjaar weereens oorweldigende belangstelling gehad in leerders wat skiet as sport wil beoefen, maar ons kon net 33 akkommodeer. Hierdie groep het bestaan uit 16 o/14, 9 o/16 en 8 o/21 skuts. Fichardtpark het die jaar aan 'n landswye posliga kompetisie deelgeneem en het die volgende prestasies behaal: Wenskool met hoogste gesamentlike telling en wen daarmee R1000 vir die skiet; die o/21 span behaal 1ste plek en die o/16A en o/14A spanne elk 'n 3de plek. Vier Fichardtpark skuts het aan die Nasionale proewe deelgeneem en een van ons skuts

Ruan Coetzee, was ingesluit in die span wat na Engeland getoer het vir 'n Britse Junior Internasionale kompetisie. Verder is daar 5 kompetisies wat deur die jaar geskiet word en daarvolgens word 'n Vrystaat span gekies. Die Vrystaat span bestaan die jaar uit 38 skuts, waarvan 11 skuts van Fichardtpark is. Hulle het vanaf 1 – 4 Oktober in Newcastle aan die SA Skoleskietkampioenskappe deel geneem. Ons skuts oefen geweldig hard en lang ure en dit kan in hul prestasies gesien word. Hestine Bosch behaal 3de plek op SA's.

18. Tennis – L du Toit

Dit was weer 'n besige jaar langs die tennisbane:

- Die spelers was bevoorreg om professionele afrigting te ontvang van Talita Swart van Central Tennis Academy.

Liga 1: 1 Seunspan en 1 meisiespan:

- Die seuns het in die A-liga gespeel. Hulle is nog 'n baie jong span en is aan die diep kant ingegooi. Hulle het baie ondervinding opgedoen vir 2019 se ligawedstryde.
- Die meisies het gemengde welslae in die B-liga behaal.

Toer na Bethlehem:

- 5 Seuns het na Bethlehem getoer om deel te neem aan die Inter Africa Bethlehem Hoërskole Tennistoernooi. Hulle het as 'n span sowel as individue baie goed presteer.

19. Musiek – J Erasmus-Alt

Gedurende Maart 2018 het die musiekdepartement die vyfde Fichardtpark Musiekkompetisie aangebied. Die beste jong musici in Bloemfontein het teen mekaar meegeding. Die standaard was, soos in die verlede, baie hoog en Hoërskool Ficardtpark is trots daarop dat een van ons leerlinge, Jandré Huygen, een van die finaliste was.

Gedurende Junie was die skoolkoor deel van die Moments-produksie wat in die Sand du Plessis-teater aangebied is. Dit was 'n groot voorreg om die verhoog te kon deel met kunstenaars soos Jannie Moolman, Corlea Botha, Jennifer Jones, Sonja Herholdt en vele meer.
Die hoogtepunt op vanjaar se musiek kalender was die Hoërskool Fichardt se Kers-, vers- en melodie-aand waarby Mathys Roets die gaskunstenaar was. Al ons musiekleerlinge, asook ons koor, het die geleentheid gehad om saam met 'n orkes, bestaande uit professionele musici, op te tree.

Ons skoolorkes het die Huygen-trio begelei by 'n spoggeleentheid by die Nasionale Letterkundige Museum en is genooi om in Oktober in die Planetarium op Naval Hill op te tree.

Gedurende die Desember-vakansie gaan van ons koorlede as lede van die groep Cisticola Cantans (onder leiding van Joanita Erasmus-Alt) aan 'n internasionale koorkompetisie in Krakow, Pole deelneem.

20. Brandkop Voortrekker kommando – S van Staden

Die Brandkop Voortrekker kommando is 'n baie aktiewe kommando onder leiding van commando leier Willie Engelbrecht. Die kommando is alreeds 32 jaar aan die gang, en in hierdie tydperk het die kommando van krag tot krag gegroei en het tans 15 offisiere en 40 verkenners, asook die vier Heemraadslede en 13 Voortrekker jeugvriende. Die voortrekkers vergader elke Maandag om 17:00 in die Omnisentrum waartydens spanhantering en commando byeenkomste plaasvind. Een keer 'n kwartaal kom die verkenners oor 'n naweek bymekaar vir 'n sosiale byeenkoms. Al hierdie geleenthede word goed bygewoon.

Anné Ferreira, James Havinga, Ilzené Douglas en Ruben van Zyl het die presidentsverkenners proses suksesvol voltooi en is op 18 Augustus gedurende die inhuldigingsfunksie op Doornkloop as presidentsverkenners ingehuldig. Baie geluk aan hierdie leerders.

Die nuwe verkenners is tydens 'n spesiale geleentheid by die Vrouemonument ingelyf saam met al die nuwe penkop en drawwertjies.

Die verkenners was betrokke op vele terreine wat spesialisasies soos seromonies, volkspele, noodhulpkursus, spankampe en verskeie gemeenskapsprojekte insluit. Die verkenners was gedurende die April en Junie vakansie betrokke by die kampe wat op Doornkloof aangebied is, en het daar verskeie spesialisasies gedoen, wat hulle werklik toerus as gebalanseerde jongmense. Brandkop Kommando bied jaarliks 'n kenteken naweek aan vir die breër Bloemfontein en omgewing. Hierdie jaar was die kenteken naweek vanaf 24 tot 25 Augustus, waartydens touwerk, die kerkjaar, selfverdediging, spyseniering en wynkennis aangebied is. 'n Deurnagspeletjies aand is nog op die kalender.

Vir die volwasse offisiere is 'n toerustingsgeleentheid op Doornkloof aangebied, waar hulle onder andere aandag gegee het aan sake soos spanhantering, fotografie, voëlidentifisering, seremonies, en bestuursake. Van ons offisiere het dit bygewoon.

Die graad 11 span (Die Wilde Honde) het tydens die jaarlikse aksiekrieket geskiedenis gemaak en die toernooi vir die eerste keer gewen. Baie geluk aan hierdie span.

Die jaar word afgesluit tydens die jaarvergadering, waartydens vele toekenning gemaak word.

21. Groentjiekonsert 2018

Hierdie jaar se tema was: Waar is die Skoolhoof? Organiseerders was Juf M Huygen, N Joubert en J Lombard. Daar was ses klasse wat deelgeneem het aan die konsert. Nege drama leerlinge was ook deel van die afrigtingspan. Die VCSV leerlinge, leerderraad, dansers, drama leerlinge en register personeel het help afrig. Ons het 'n fotografie- en videospan gehad wat alles foto's geneem het en die vertoning op video vasgelê het. Elke groep het 'n liedjie gekry waarop hulle 'n dansie moes uitwerk en dan inoefen. Die hele klas moes aan die item deelneem. Was ook 7 leerlinge in elke klas wat deel was van 'n toneeltjie wat elke groep ook moes opvoer. Teks, danse, woorde, en oefentye is alreeds vanaf September 2017 beplan.

Elke graad 8 leerling het deelgeneem, ons het ook almal saam aan die einde die Fichie Wiggle en skoollied gesing.

Hierdie deelname van al die leerlinge in die graad, skep vriendskappe, bou 'n groepseenheid, gee trots en selferkenning, en kweek 'n gesonde groepsgees.

22. Mnr. En Mej Fichardtpark – S Langeveldt

Ons funksie word gehou met slegs die kaartjieverkope op die aand se geld. Enige gr. 11 leerder kan inskryf. Anri Powell van ACE models doen die sifting nadat sy onderhoude met al die finaliste gevoer het. Daar word dan 10 seuns en meisies gekies. Ons gebruik ook die skool se fotografieklub om 'n fotosessie te doen met die finaliste. Die beste fotograaf kry ook 'n prys op die aand.

Martin van der Merwe van OFM is ons seremoniemeester. Ons probeer ook om "bekende" mense as beoordelaars te kry.

Ons sal graag in die toekoms borge wil kry vir pryse sodat hierdie funksie 'n inkomste vir die skool kan genereer. Tot dusver het ons pryse gekoop.

Wenners – 2018

Mej Fichie – Liza Theron	Mnr Fichie – Jaco Snyman
1ste Prinses – Loesché van Tonder	1ste Prins – Christiaan Hugo
2de Prinses – Zandri Vorster	2de Prins – De Vries Cornelissen

23. Soleo: M de Beer

Die Soleo is die skool se koerant wat skoolnuus dek. Die koerant kom 2 keer 'n jaar uit – die 2de kwartaal asook die 4de kwartaal.

Die redakteur vir 2018 was Leané du Preez in gr. 12. Die redaksie bestaan uit leerders van graad 8 – graad 12.

24. VCSV: L Pretorius

Hoërskool Fichardtpark het 'n aktiewe VCSV, bestaande uit 120 kringleiers en ongeveer 750 lede.

Dinsdae aande het ons leiers Fix@Six waartydens ons voorberei vir die kringetjies wat Woensdae oggende plaasvind. Die gr 8 kamp word deur ons kringleiers aangebied en is altyd 'n hoogtepunt. Ons tema vir die Geestelike week was "Leef doelgerig". Tydens hierdie week het verskeie sprekers en musiekgroepe opgetree.

Ons doel by die VCSV in 2018 was om aan elke leerder te leer om: geloof te hê, doelgerig te lewe en 'n lig te wees in hierdie wêreld.

25. Redenaars: W Pretorius

Ses leerders het deelgeneem. Dit behels voorbereide en onvoorbereide toesprake. Die leerders was baie mededingend.

Nikia Pottas is in Bloemfontein verkies om in Kroonstad verder te gaan deelneem.

26. Dink of Sink: E Stander

Op die 3de Augustus het ons die jaarlikse Dink of Sink geleentheid by OMS bygewoon. Soos elke jaar het ons 1 junior en 1 senior span ingeskryf. Ons het wel hierdie jaar 3 graad 8 leerders saamgeneem om net bietjie ondervinding op te doen – en ons beoog om volgende jaar meer spanne in te skryf. Ons spanne het baie goed gevaar veral ons senior-span. Die beoordeelaars maak nie die uitkloprondtes se punte bekend nie – maar ons leerders het hulle baie goed van hulle taak gekwyt. Ons wil volgende jaar 'n bietjie meer tyd aan ons voorbereiding spandeer en het ook begroot vir Professionele insette. Die meeste (of alle) debat-leerders is ook by baie ander buitemuurs betrokke – wat oefentyd partymaal 'n uitdaging maak.

27. WOW Spelfees – E Coetzee

WOW - Woorde open wêrelde

Hoërskool Fichardtpark het 20 deelnemers gehad wat aan die Motheo-kring deel geneem het. 5 van die leerders het deurgedring na die Provinsiale Spelkompetisie.

Op die dag was die uitslae as volg:

Graad 8 –	Mart-Alet Coetzer (1ste Medalje)
Graad 9 –	Michelle Castelyn (4de)
	Elané Bekker (6de)
Graad 10 –	Izak van der Merwe 3de (medalje)
	Nicolene van Tonder (6de)

Motheo-kring was die volgende personeel teenwoordig as beoordelaars:
Me. E Zwiegers, E Coetzee, en C Brits.

Provinsiale-kring: Me. E Coetzee – beoordelaar.

28. Leierskapsontwikkeling: J Lombard

Die Leierskapsontwkkeling (Rigters) het besluit om 'n nuwe proses "Lead Today" aan te bied. Hierdie kursus strek oor 16 sessies en sal Augustus 2019 afgehandel word.

"Lead Today" is leierskapsproses wat deur John Maxwell geskryf is wat spesifiek daarop gemik is om tieners te bemagtig om beter leiers te word. Ons het tans 40 leerders wat vrywillig hierdie kursus aangepak het.

Brent Connoway het die "Lead Today" fasiliteerders kursus voltooi en kan ook nou opleiding aan "Lead Today" leiers bied. Hy word gesien as 'n "Master Trainer".

29. Fotografie – M Theron

"Taking an image, freezing a moment, reveals how rich reality truly is." – Anonymous

Die fotografieklub bestaan tans uit 8 aktiewe junior fotograwe, 7 senior fotograwe en 3 super senior fotograwe wat tans die foto's van die skool neem.

Junior fotografieklasse vind op Woensdag middae direk na skool en senior klasse op Maandag middae direk na skool, plaas.

Daar word gefokus op teoretiese sowel as 'n praktiese kant van fotografie. Ten minste 2 fotografieuitstappies word per kwartaal ingewerk wat ateljee-, nag-, sport-, model en beligtingsfotografie insluit.

2018 was ook die eerste jaar wat 'n fotografie-kamp te Mokala-natuurreservaat gehou is waar opkomende fotograwe kennis gemaak het met sterre-, wild- en landskapfotografie. Dit was regtig 'n ongelooflike ervaring en leerders het dit baie geniet.

Baie geluk aan Ruan Osborne met sy foto wat die voorblad van "Courant" gehaal het, ons is opreg trots op jou.

'n Mens besef nie elke dag watter onmisbare taak hierdie leerders verrig om 'n jaar se storie in foto's - vir bemarking en die beeld – vas te lê nie.

Baie dankie aan elke Fichie-fotograaf vir jou onbaatsugtige diens en lojaliteit aan Fichardtpark Hoërskool.

30. Fondsinsamelingsprojekte

30.1 Fichie verffees

Die Fichie Verffees was hierdie jaar (na 'n gestoei) 'n groot sukses. Die dag het bestaan uit 'n volleyball en sokker "liga" waar die klasse teen mekaar gespeel het.

Leerders het die geleentheid gekry om volgens verskillende lande aan te trek. Die klasse het ook gekyk wie kan die meeste fondse d.m.v borgvorms insamel.

Ons het ongeveer R70 045 wins gemaak met die projek. Die geld gaan aangewend word om die vierkante op te gradeer.

Al die personeel het in goeie gees deelgeneem en party het selfs aangebied om die 'hot-dog uitrusting' aan te trek.

30.2 Rugbyraai

Vanjaar het ons 'n rugbyraai kompetisie gedoen tydens die Junie eksamen. Die wins van R 58390 is aangewend vir die bou van die dek.

30.3 Manne-aand

Die manne-aand was 'n reuse sukses met Adrian Strauss as gasspreker. 'n Wins van R 39 977 is gemaak.

30.4 Gholfdag

Die skool se gholfdag is by Schoemanpark aangebied met 'n wins van R 33 940. Die Gholfdag het plaasgevind op die 7de September.

31. Sielkundige dienste: A Helmand

Die Sentrum vir Voorligting, Ontwikkeling en Ondersteuning het die volgende dienste in 2018 gelewer:

- Individuele kontaksessies met druipelinge van 2017 om struikelblokke te identifiseer en die nodig hulp en ondersteuning vir 2018 te bied.
- Aansoeke van graad 12 leerders (13), wat hulpverlening in die vorm van konsessies of amanuenses tydens die matriek eindeksamen gaan ontvang, is suksesvol afgehandel en by die DSTB ingehandig.
- Die skolastiese assessering en die voltooiing van 8 nuwe SNA-aansoeke van leerders wat kwalifiseer vir alternatiewe wyses van assessering, is voltooi en ingedien by die Departement.
- Aansoeke vir alternatiewe skoolplasing van 3 leerders wat kwalifiseer vir spesiale onderrig, is voltooi en ingehandig by die departement. Een leerder is reeds suksesvol geplaas.

- Die bestuur van hulpverlening tydens toetsreekse en eksamens aan 40 leerders wat kwalifiseer vir alternatiewe wyses van assessering (konsessies en amanuenses).
- Tydens kwartaal 1 tot 3 is omvattende studiewerkswinkels vir leerders aangebied, met 'n spesifieke studiewerkswinkel tydens die eerste kwartaal vir die graad 8 leerders.
- Persoonlike en emosionele hulpverlening is aan ongeveer 120 leerders verleen.

Weens 'n personeeltekort in 2018, kon die instelling van 'n Boelieprogram nog nie geskied nie.

31. Toere

31.1 Matriektoer

Die matriektoer vind elke jaar in Januarie plaas, waar om en by, 60 graad 12 leerders na Gold Reef City en Sun City toer.

Die toergeselskap vertrek die Donderdagoggend om 3uur om reeds vroegdag al die dag by Sun City deur te bring waar die kinders swem en baljaar.

Daar word oorgeslaap by Konka net buite Rustenburg waar die leerders die volgende oggend ontbyt kry. Die Vrydag oggend vertrek die toergeselskap na Gold Reef City en word die dag daar deurgebring.

Omstreeks 16:00 vetrek die bus uit Johannesburg op pad terug Bloemfontein toe.

31.2 Graad 10 Toer na KwaZulu Natal

Hierdie jaar met die jaarlikse graad 10 Opvoedkundige toer het 67 leerders en 4 personeellede na KwaZulu Natal getoer. Hierdie toer het verskillende aktiwiteite vir die leerders in gehou.

Die toer het plaasgevind vanaf 16 September 2018 tot 20 September 2018. Die groep het in die ATKV Natalia oord in Ilovo gebly en verskillende aktiwiteite gedoen. Aktiwiteite wat gedoen is sluit Birds of Eden, Isle of Capri Cruises, Bounce Inc, Ysskaats, Buffet ete by Billy G restaurant in die Suncoast Casino, Electric Avenue in Gateway, Ushaka Marine World, in en natuurlik is die groep na verskillende strande geneem om tyd op die strand te spandeer.
Donderdag, 19 September, het die groep vertrek na Drakensville se ATKV oord. Hier het sommige kinders gaan perdry terwyl ander "foefie" slide gery het. Die kinders het ook in die verhitte swembad geswem. Die groep het die volgende dag teruggekeer na Bloemfontein.
Hierdie toer was een baie lekker toer vir die leerders en almal het dit vreeslik geniet.

31.3 Graad 8 toer 2018

"Nature is the art of God" –Dante Alghieri

23 September 2018 vertrek 86 energieke graad 8 leerders en 5 onderwysers op 'n opvoedkundige toer.

Hartenbos is ons "huis" vir die volgende paar dae.

Ons besoek besienswaardighede en neem aan aktiwiteite deel. Van die hoogtepunte op die toer was die volgende: 'n besoek aan Monkeyland, Birds of Eden, 'n waterpark, volstruisplaas, Kango grotte, die Cango Wildlife Ranch, Knysna – hier eet ons onder andere oesters en geniet 'n bootvaart op die Knysna-meer, Elevated Trampoline Park – die leerders raak bietjie van hulle energie ontslae, roei op die Touwrivier, Acrobranch by Timberlake waar menige gr 8 van hoogtevrees vergeet.

Daar was ook tyd vir inkopies doen, swem in die see en 'n heerlike ete by die Spur.

Na 'n week arriveer ons veilig in Bloemfontein en weet ons die leerders het die toer baie geniet, baie geleer en ook die hand van God gesien op menige terreine.

32. Personeel

Akademiese Personeel

Barker, Lettie
Botes, Emmarentia
Britz, Chantelle
Burger, André-Pierre
Burger, Lizette
Burger, Sunette
Coetzee, Elsie
De Beer, Marelize
De Vries, Marlene
Du Toit, Leonie
Erasmus-Alt, Joanita
Fourie, San-Marié
Griessel, Renette
Groenewald, Dirkie
Herholdt, Riaan
Huygen, Madeleine
Jansen van Vuuren, Sylvia
Joubert, Nadia
Kahts, Christelle
Kirstein, Elzet
Kruger, Jan
Kruger, Johan
Kruger, Venessa

Labuscagne, Liza
Langeveld, Suné
Lombard, Jean-Mari
Meyer, Jaqu-Lize
Myburgh, Abrie
Myburgh, Urma
Olivier, Bester
Pienaar, Conrad
Pretorius, Liesbet
Pretorius, Werner
Prinsloo, Louw
Rodgers, Lizerie
Stander, Erna
Swanepoel, Marie-Louise
Theron, Marinda
Van der Merwe, Jacques
Van der Merwe, Herman
Van Heerden, Cicilia
Van Staden, Mariska
Van Staden, Pieter
Van Staden, Susan
Venter, Madeline
Zwiegers, Estelle

Administratiewe Personeel

Botha, Evarina
Gouws, Elizabeth
Helmand, Anneri
Human, Monique
Muller, Gerda
Van der Merwe, Angie
Van Ronge, Joey
Louw, Schalk

33. Beheerliggaam

Dit is met groot dank en waardering aan die Beheerliggaam wat reeds 'n groot rol ten opsigte van ondersteuning en met hulp hul bydrae lewer.

Francois Alberts:	Voorsitter, FEDSAS
Fritz Botes:	Ondervoorsitter, Sport, Bemarking, IT, Tegnologie
Johan van Vuuren:	Tesourier, Finansies
Joey van Ronge:	Sekretaresse
Andronelle Scott:	Kultuur, Ouerskakeling
Danie Roodt:	Maatskaplik
Wendy Lategan:	Sport & Bemarking, Ouerskakeling
Henning Snyman:	Dissipline, Geboue/Terrein & Voertuie

Wynand Bekker:	Dissipline, Goboue/Terrein & Voertuie
Sanet Smit:	Akademie, Ouerskakeling
Cicilia van Heerden:	Sport & Bemarking
Riaan Heroldt:	Finansies
Louw Prinsloo:	Akademie
Herman vd Merwe:	Skoolhoof

34. Ten slotte

Ek hoop dat hierdie Jaarverslag vir u die leser 'n oorsig van die skool se werksaamhede gegee het.

Ons bedank ook graag alle donateurs, borge en enige bydrae wat tot voordeel van ons skool aangewend is.

Met positiewe, gemotiveerde en toegewyde personeel, beheerliggaam, ouers en leerders sal die skool net verder van krag tot krag gaan.

Mag die Here se genade oor ons groot wees!

H VAN DER MERWE
SKOOLHOOF